# Misdaadberiggewing in die pers: 'n weerspieëling van die werklikheid?

*Crime reporting in the press: a reflection of reality?*

**Maritha Snyman**
Departement Inligtingkunde
Universiteit van Pretoria
maritha.snyman@up.ac.za



Maritha Snyman

| | |
|---|---|
| **Prof. ME Snyman** BA (UP); BA (Hons) (UP); HOD (UNISA); MA (UP); DLitt (UP) is medeprofessor by die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria. Haar belangrikste navorsingsfokus is inligtingskommunikasie en resepsiestudie wat sy op 'n verskeidenheid kontekste toepas. | **Prof. ME Snyman** BA (UP); BA (Hons) (UP); HOD (UNISA); MA (UP); DLitt (UP) is an associate professor at the Department Information Sciences, University of Pretoria. Her main research focus is information communication and reception study, which she applies within various contexts. |

**ABSTRACT**

***Crime reporting in the press: a reflection of reality***

*People are, more than ever before, dependent on the unreliable media-industry for information. The possibility, therefore, exists that the media can manipulate the way in which people experience reality. In view of the current discourse on the role of the media in South Africa, this article explores how selected daily newspapers in Gauteng represent the crime reality of South Africa.*

*By taking as a departure point the relation between reality and the represented reality as portrayed by the media (and newspapers specifically) the important role of mediation in representation is discussed as well as the various techniques that can be used to manipulate represented reality in news texts. Journalists subjectively select and organise reality in order to represent it in media texts.*

*Three newspapers, namely Beeld, The Star and Sowetan were selected and then collected during June 2007. Using content analysis, information about the frequency of crime stories, the types of crime, the race of crime victims and the place where the crimes took place were used as criteria to determine which type of reality the three newspapers represent to their target readers. Discourse analysis was used to determine underlying patterns and meanings.*

*The findings indicate that all three papers represent a reality that matches the world view of their different target audiences, each representing a fraction of the South African crime reality. It is argued that this polarises the South African population and prevents a cohesive society. The question of how South African citizens must make sense of a partially portrayed reality remains unanswered.*

**KEY CONCEPTS:** News reporting, representation, newspaper reporting, crime reporting
**TREFWOORDE:** Nuusverslaggewing, representasie, koerantberiggewing, misdaadberiggewing

## 1. INLEIDING

Die oorspronklike Latynse woord, “diurnalis”, waarvan die woorde joernalistiek en joernalis afgelei is, beteken “joernaal van die dag”. Die joernalistiek word dus allerweë beskou as ’n weerspieëling van ’n samelewing in die sin dat die joernalis die verteller van die verhale is wat daagliks in ’n samelewing afspeel. So simplisties gesien, is die joernalistiek die bron waaruit die burgers van ’n samelewing daagliks op hoogte gehou word met die aktuele sake wat hulle lewens kan beïnvloed. Die joernalistiek, ongeag die medium wat gebruik word, se doel is tradisioneel dus om aan mense inligting te verskaf sodat hulle ingeligte besluite kan neem (Meijer 2001).

Die belangrike rol van inligting vir besluitneming is al dikwels beskryf (Lester & Koehler 2003). Hoe meer relevant, gepas, akkuraat en tydig die inligting is wat mense bekom, hoe groter is die kans dat hulle goeie en “ingeligte” besluite sal neem. Die probleem is egter dat joernalistiek en die beoefening daarvan nie eenvoudig en objektief die gebeure van die dag (kan) weergee nie. Die media rapporteer ’n bepaalde eie persepsie van die werklikheid wat beïnvloed word deur beleid, agenda en beginsels (Fishman & Weimann 1997). Geen nuusberig is en kan ’n objektiewe weergawe van die werklikheid wees nie (O’Shaughnessy & Stadler 2002).

Joernaliste se representasie van verhale wat in die samelewing afspeel, is ’n hoogs subjektiewe oefening en soos enige menslike kommunikasiegebeurtenis, ingebed en gevorm deur die persoon en die konteks waardeur en waarbinne die nuusberig ontstaan, “tempered and shaped by the political conditions and cultural traditions of the society in which it is practised” (Hachten 1984:xv).

Net soos wat nuus waardevolle inligting aan ’n gemeenskap kan oordra – inligting wat hulle kan bemagtig – kan nuusberiggewing ook skadelike gevolge hê. Walter Lippmann (1922) was die eerste om te argumenteer dat die pers se interpretasie van gebeure mense se persepsie van die realiteit radikaal kan verander omdat misleidende en onakkurate beriggewing verdraaide persepsies oor die werklikheid oordra. So ’n verdraaide werklikheidsbeeld kan doodgewoon die gevolg wees van foutiewe beriggewing, blatante leuens, verkeerde statistiek, ensovoorts, maar daar is ook ander, minder eksplisiete wyses, waarop nuusberiggewing sosiale probleme help skep en bevestig. Domke, McCoy en Torres (1999) se navorsing toon byvoorbeeld aan hoe stereotipes oor ras deur die media bevestig word en daarna oorgedra word na besluitneming in die politieke sfeer. Soortgelyke bevindings word in verskeie ander studies aangetref (Padin 2005; Dixon & Azocar 2007; Ramasubramanian & Oliver, 2007).

Die implikasies daarvan dat mense vandag, meer as ooit tevore, afhanklik is van die potensieel onbetroubare media-industrie vir inligting oor gebeure wat hulle realiteit beïnvloed, word deur Kundera in sy boek *Immortality* aangeraak. Hy kontrasteer die huidige bestaan met dié van sy Morawiese ouma wat persoonlike beheer oor haar realiteit gehad het. Sy het geweet wie en hoeveel mense die afgelope tien jaar in die omgewing vermoor is en niemand kon haar vertel dat dit goed gaan in die landbousektor as mense niks het om te eet nie. Omdat die media ons werklikheid verruim, kan ons die verruimde realiteit net leer ken deur ’n representasie van die werklikheid soos die media dit aan ons voorstel. Hierdie verskynsel noem Kundera “imagologie” en beredeneer die moontlikheid dat die media deur berekende wanvoorstellings mense se werklikheidsbelewing kan manipuleer en gevolglik die besluite wat hulle neem, beïnvloed.

Taylor en Saarinen (1994) se fassinerende boek *Imagologies. Media philosophies* vra in die lig van bogenoemde argument die volgende vraag: “How can we create understanding in a world in which information and knowledge is out of control?”. Hoe verstaan ons, met ander woorde, ’n wêreld waarin ons aangewese is op die media om aan ons inligting te verskaf oor ’n werklikheid wat ons hoogstens gedeeltelik ken?

## 2. DIE DOEL VAN DIE ARTIKEL

Die aanleidende oorsaak tot die ontstaan van hierdie studie is die huidige diskoers wat op openbare verhoë deur politici en aktiviste en in informele gesprekke deur gewone burgers gevoer word oor hoe die media, en spesifiek die pers – en in hierdie geval spesifiek die Afrikaanse pers – die misdaadsituasie in Suid-Afrika weerspieël. Daar is beskuldigings dat die Afrikaanse pers Afrikaanssprekendes negatief instel teenoor die nuwe Suid-Afrika as gevolg van ’n oordrewe dekking van misdaad en ook die wyse waarop hulle sodanige berigte aanbied. Ander argumenteer dat die realiteit van misdaad in Suid-Afrika juis nie volledig deur die pers uitgebeeld word nie en mense ’n rat voor die oë draai. In briewekolomme word koerante daarvan beskuldig dat ras by misdaadberigte verswyg word omdat joernaliste hulle nie die argwaan van die regering op die hals wil haal nie. Ander lesers én sommige politici beskuldig koerante met ’n hoofsaaklik wit teikengehoor weer dat daar slegs berig word oor misdaad teenoor wit mense en dat misdade met swart mense as slagoffers nie blootstelling kry nie. In die geheel beskuldig ANC-politici byna op ’n daaglikse basis die pers van onverantwoordelike beriggewing.

Dit is duidelik dat dié argumente inspeel op die vraag in watter mate die media as inligtingsbron ons werklikheidsbelewing en gevolglik ons besluitneming beïnvloed, soos die redenasie hierbo aandui.

In hierdie studie is misdaadberiggewing in dagblaaie verkennend bekyk om te probeer vasstel hoe geselekteerde dagblaaie hulle lesers blootstel aan inligting oor die misdaadsituasie in die land: of daar verskille is ten opsigte van die frekwensie en wyse waarop misdaadberiggewing aangebied word in verskillende dagblaaie.

Die hipotese wat hierdie vraag onderlê, is dat die aard van beriggewing oor misdaad verskillende werklikheidsbeelde daar kan stel wat moontlik die realiteitsbeskouing van koerantlesers kan beïnvloed.

## 3. REPRESENTASIE EN DIE WERKLIKHEID

Daar is reeds geredeneer dat die werklikheid wat in die media aan ons voorgehou word, slegs ’n representasie van die werklikheid is. Representasie beteken letterlik om soos iets te lyk of iets voor te stel. Representasie stel dus iets in die plek van iets anders. In ’n groot mate beleef alle mense hulle wêreld deur representasie. Alhoewel die werklike wêreld bestaan en ons dit gedeeltelik kan beleef, verkry ons – selfs in ’n wêreld waarin daar geen media voorkom nie – baie van ons inligting oor die werklikheid deur representasie omdat die gebruik van taal alreeds ’n vorm van representasie is. Wat ons uit die mond van ander hoor, is reeds gekontamineer deur hulle eie werklikheidsbelewing. Enige mediaproduk is ’n rekonstruksie van die werklikheid. Enige gebeurtenis wat deur ’n joernalis aangebied word is ’n indirekte aanbod, reeds gevorm deur die joernalis se persepsie daarvan (Kappeler, Blumberg & Potter 1996).

Mediasie is ’n kernbegrip wanneer daar sprake van representasie is. Wanneer enige inligting gekommunikeer word, word gebruik gemaak van ’n medium – dit wat tussen die kommunikeerder en die ontvanger staan. In die moderne inligtingsamelewing staan die tegnologiese media soos die gedrukte media, die film en video, die radio, die telefoon en selfoon dus tussen die ontvanger en die werklikheid. Die resultaat van hierdie mediasieproses is dat die wyse waarop die werklikheid gerepresenteer word, onder meer bepaal word deur die gekose medium en die formaat van die geselekteerde mediateks (nuus, fiksie, kommentaar, ensovoorts).

Alhoewel die algemene persepsie onder die publiek is dat inligting in nuusberigte objektief, akkuraat en feitelik is, is dit natuurlik nie die hele waarheid nie. Inligting wat deur nuusberigte gekommunikeer word, is ’n rekonstruksie van die werklikheid wat deur ’n proses van mediasie (deur een of ander medium) na ’n ontvanger gekommunikeer word. In die proses om inligting as ’n mediateks

te kommunikeer, moet grepe uit die werklikheid eers versamel en geselekteer word. Die geselekteerde grepe moet dan op ’n bepaalde wyse aangebied of gerekonstrueer word. Hierdie proses word bepaal deur die ideologie of wêreldbeskouing van die joernalis en/of die mediamaatskappy of -eienaar. Die proses is dus nie neutraal of objektief nie en dien dikwels die belange van die rolspelers.

Daar is al heelwat navorsing gedoen om te bepaal hoe die “werklikheid”, soos gerepresenteer in nuusberigte, gemanipuleer word. Geïdentifiseerde metodes sluit in die verlening van prominensie aan sake wat nie belangrik is nie; die aanbieding van halwe waarhede wat as die volledige prentjie aangebied word; die maak van implisiete gevolgtrekkings om gehore te lei om bepaalde afleidings te maak; die skep van oordrewe vrees by gehore met die doel om ’n bepaalde respons of mening te ontlok; die verswyging van ’n gebeurtenis wat van deurslaggewende belang vir die publiek is; die doodswyging of vermyding van kwessies en die onderspeling van sosiale verskille deur interpellasies wat die skyn skep dat alle sosiale groepe homogeen is (McBride 1984; O’Shaugnessy & Stadler 2002). Deur van hierdie tegnieke gebruik te maak, word wanvoorstellings van die werklikheid geskep wat as die werklikheid gerepresenteer word.

Daar is egter verskillende beskouings oor die redes waarom sodanige wanvoorstellings van die werklikheid ontstaan. Volgens die strukturalistiese perspektief is die media ’n belangrike simboliese instrument wat gebruik kan word om ’n bepaalde ideologie te konstrueer ten einde beheer te verkry oor die publiek se wêreldbeeld. Die publiek vertrou mettertyd die bepaalde gestandaardiseerde patrone waarvolgens nuusgebeure aangebied word. Sodoende word alternatiewe gesigpunte geëlimineer (Beckett 1994; Sacco 1995). Vanuit ’n organisatoriese perspektief argumenteer navorsers dat hoewel ’n bepaalde ideologie deur die media ondersteun kan word, dit nie doelbewus gebeur nie, maar dat dit die gevolg is van organisatoriese en ekonomiese werklikhede binne media-organisasies. Daarom selekteer en publiseer joernaliste slegs gebeure wat in ooreenstemming met hulle organisasies se bepaalde behoeftes en mediaformate is (Ericson, Baranek & Chan 1991). ’n Derde benadering argumenteer dat wanvoorstellings ontstaan as gevolg van die verskynsel van “celebrated cases” (Surette 1989). Wanneer belangrike gebeure opduik, vervaag die normale roetine waarvolgens nuus geselekteer word en word al die aandag aan die prominente gebeurtenis gegee. Fishman (1978) dui byvoorbeeld aan hoe die media “crime waves” kan konstrueer wat bydra tot die publiek se persepsie van misdaad.

Op operasionele vlak moet die joernalis dus bepaalde keuses uitoefen wat ondergeskik is aan, of bepaal word deur die konteks waarbinne hy/sy werk. In die eerste plek moet bepaal word wat nuuswaardig is. Die woord nuus verwys op sigself na iets wat nuut is, iets wat die aandag sal trek. Nadat die joernalis dié besluit geneem het, moet bepaal word watter inhoud ingesluit moet word en hoe die berig aangebied moet word.

Betekenis word egter nie net deur die joernalis (kommunikator) geskep nie, maar word in ’n groot mate ook bepaal deur die ontvanger van die nuusberig. Verskillende gehore reageer verskillend op dieselfde nuusberig. Eintlik kan geredeneer word dat ’n mediateks of nuusberig nie bestaan voordat iemand dit lees of resepteer nie. Die ontvangs van mediatekste is dus net so belangrik by betekenisgewing as die produksie van die teks. Daarom word algemeen aanvaar (Kanouse et al. 1995) dat die doel met die kommunikasie van inligting – en dus ook inligting wat vervat is in ’n nuusberig – eers bereik is wanneer die inligting gebruik word deur die ontvanger van die inligting. Inligting kan deur die ontvanger daarvan verwerp of aanvaar word. Wanneer dit aanvaar word, word dit krities geëvalueer, geïnternaliseer en dan geïnkorporeer in die ontvanger se eie werklikheidsbeeld.

Dit is egter nie op die ontvanger wat hierdie artikel wil fokus nie. Die klem wil eerder val op hoe die Suid-Afrikaanse misdaadwerklikheid in koerantberigte aangebied word. Dus hoewel die rol van die ontvanger erken word, is dit nie die kern van die probleem wat hier ondersoek word nie.

## 4. DIE AARD VAN DIE ONDERSOEK

’n Inhoudsanalise van dagblaaie is as die primêre navorsingsmetode geïdentifiseer om ’n verkennende studie oor hierdie onderwerp te onderneem. ’n Diskoersanalise van die hoofartikels is daarna uitgevoer om bepaalde patrone te probeer identifiseer ten einde onderliggende opinies en betekenis bloot te lê (Jensen 1991).

### 4.1 Navorsingsbevolking

Vir die doel van die studie is drie dagblaaie geselekteer, naamlik *Beeld*, *The Star* en *Sowetan*. Die drie dagblaaie se teikengehore verskil ten opsigte van taal (*Beeld* is Afrikaans terwyl die ander twee Engels is) en etniese samestelling (*Beeld* word hoofsaaklik deur wit Afrikaanssprekendes gelees, *The Star* deur Engelssprekende wit mense en *Sowetan* deur swart mense wat Engels magtig is). Ter wille van finansiële en logistieke beperkings is die studie beperk tot koerante wat in Gauteng verskyn.

### 4.2 Navorsingsproses

Al drie hierdie koerante is vir ’n tydperk van een maand, naamlik Junie 2007 versamel. Daar is aanvanklik besluit dat nuusberigte die eenheid van analise moes wees. Eers is al die nuusberigte in die drie koerante getel. Daarna is die aantal berigte wat oor enige vorm van misdaad handel, geïdentifiseer en getel. So is die persentasie nuusberigte wat in elke koerant oor misdaad handel, bepaal. Hierna is die aantal misdaadberigte wat spesifiek misdaad in Suid-Afrika as onderwerp het, in elke koerant geïdentifiseer en getel sodat die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse en internasionale misdaadberigte bepaal kon word en ’n vergelyking tussen die drie koerante getref kon word. Daarna is die Suid-Afrikaanse misdaadberigte verder tematies gekategoriseer volgens die volgende veranderlikes:

- Tipe misdaad.
- Ras van die slagoffer.
- Lokaliteit van die misdaad.

Hierdie data is ook per koerant vergelyk en daarna, waar dit moontlik was, vergelyk met statistiek oor die voorkoms van misdaad in Suid-Afrika.

### 4.3 Beperkings van die studie

Alhoewel vooraf besef is dat een maand waarskynlik nie lank genoeg is om werklik verteenwoordigende tendense aan te toon nie, is aangeneem dat die studie tog betekenisvolle inligting sal oplewer. In die tydperk waarin die studie plaasgevind het, naamlik Junie 2007, het veral drie gebeure die nuus oorheers: die hofsaak waarin Rodriques en haar medebeskuldigdes verskyn het oor die moord van die Jordan-baba, die staking van staatsdienswerkers wat periodiek tot geweld oorgegaan het en die beweerde misdrywe van Robert Mc Bride, die hoof van Ekhurhuleni se metropolisie. Hierdie gebeure het waarskynlik die data beïnvloed op dieselfde wyse waarop enige ander dominante nuusgebeure die resultate van enige sodanige inhoudsanalise sal beïnvloed. Ten spyte van beperkings, het hierdie studie interessante bevindings opgelewer.


## 5. BEVINDINGS: INHOUDSANALISE

Die bevindings van die inhoudsanalise sal eers aangebied word en daarna sal gepoog word om dit binne die konteks van die studie te interpreteer. Dit is egter nie moontlik om te beweer dat die

interpretasie van die analise los te maak is van die outeur se eie persepsie van die Suid-Afrikaanse realiteit nie.

### 5.1 Persentasie beriggewing oor misdaad

In al drie die koerante handel ongeveer dieselfde persentasie berigte oor misdaad, naamlik 'n gemiddeld van 25%. Verskille is klein – minder as 5%. Die *Sowetan* bevat marginaal meer misdaadberigte as *Beeld* (.5%). *The Star* bevat egter 4,9% meer berigte oor misdaad as die ander twee koerante.





***Figuur 1:*** *Die persentasie misdaadberigte per koerant*

Hierdie verskil tussen *The Star* en die ander twee koerante word egter in perspektief geplaas wanneer na Grafiek 2 gekyk word. *The Star* bevat die meeste internasionale misdaadberigte: sowat 14% meer as *Beeld*. *Beeld* bevat weer op sy beurt ongeveer 14% meer internasionale misdaadberigte as *Sowetan*.

Die gebrek aan 'n vergelykingsbasis tussen die misdaadgebeure in Suid-Afrika en die voorkoms van misdaad in ander lande mag moontlik by lesers van *Beeld* en *Sowetan* 'n skewe beeld van die misdaadsituasie in Suid-Afrika skep: die persepsie dat misdaad nie elders bestaan nie.

### 5.2 Tipes misdaad waaroor berig is

Die volgende tipes misdade is opgeteken tydens die oop koderingsproses van die inhoudsanalise. Dit was egter somtyds moeilik om te bepaal watter tipe misdaad die sentrale onderwerp van 'n berig was aangesien sommige misdaadberigte oor meer as een tipe misdaad berig het. So kon motorkapings byvoorbeeld ook as moord geklassifiseer word en het onluste, aanranding en vandalisme dikwels gelyktydig in een berig voorgekom. Daar is dus probeer om berigte te kategoriseer volgens die misdaad waarop die meeste klem in 'n berig geval het. Die subjektiewe aard van dié proses kan ongelukkig nie ontken word nie. Met hierdie beperking in gedagte is die volgende tipe misdade (in alfabetiese volgorde) geïdentifiseer:




***Figuur 2:*** *Suid-Afrikaanse misdaadberigte versus internasionale misdaadberigte*

- Aanranding
- Bedrog
- Diefstal
- Dieremishandeling
- Gewapende roof
- Gyselaarneming
- Kindermishandeling
- Korrupsie
- Kubermisdaad
- Laster
- Manslag
- Minagting van die hof
- Moord
- Motorkaping
- Ontbloting
- Ontvoering
- Onluste
- Poging tot moord
- Smokkelary
- Terrorisme
- Tref-en-trap ongelukke
- Vandalisme
- Dwelms


- Vergiftiging
- Verkeersoortredings
- Verkragting
- Vigilante-optrede
- Vreemdelinghaat.

### 5.3 Die frekwensie van die tipe misdaad soos wat dit voorgekom het in die verskillende koerante

’n Vergelyking tussen die frekwensie waaroor daar in die verskillende koerante oor bepaalde tipes misdaad berig is, het interessante verskille aangedui (Figuur 5). Slegs die eerste tien misdade waaroor daar die meeste in die drie koerante berig is, is in hierdie vergelyking gebruik.

Die volgende bevindings is van toepassing:

- Moord is die misdaad waaroor al drie die koerante die meeste berig het. *The Star* se beriggewing oor moord is egter 10,8% meer as beide *Beeld* en *Sowetan* s’n. Laasgenoemde twee koerante se beriggewing oor moord verskil met slegs 1%.
- Beide *Beeld* en *The Star* berig die tweede meeste oor gewapende roof. In die geval van *Sowetan* lê beriggewing oor gewapende roof in die vyfde plek.
- In beide *The Star* en *Sowetan* het die derde meeste berigte oor diefstal gehandel. In *Beeld* is dit egter korrupsie (en dan hoofsaaklik korrupsie in staatsinstellings) waaroor daar die derde meeste berig word.
- Die onluste wat die gevolg is van die staking deur staatsdienswerkers is verantwoordelik vir die feit dat die vierde meeste berigte in *Sowetan* hieroor handel. By *Beeld* handel die vyfde meeste berigte oor die onluste tydens die staking. Hoewel in *The Star* berigte oor die onluste op die voorblad voorgekom het, plaas die aantal berigte hieroor die kwessie tiende op *The Star* se lys.
- Daar is oor bedrog as tipe misdaad die vierde meeste in *The Star* berig. In die geval van *Sowetan* val dit nie onder die eerste tien misdaadtipes waaroor berig word nie en in *Beeld* is dit die misdaad waaroor daar die negende meeste berig word.
- Die frekwensie beriggewing oor verkragting en motorkapings lê by al drie die koerante op min of meer dieselfde vlak.
- Die aantal berigte oor dwelmhandel val wel onder die eerste tien misdaadtipes waaroor daar in *Sowetan* en *The Star* berig word, maar nie in *Beeld* nie.
- Slegs *Beeld* plaas genoeg berigte oor verkeersoortredings en dieremishandeling om onder die eerste tien te val. In *Sowetan* was daar geen berigte oor verkeersoortredings nie en net enkeles oor dieremishandeling, terwyl *The Star* enkele berigte gedra het wat oor dieremishandeling gehandel het en nie een berig oor verkeersoortredings nie.




***Figuur 3:*** *Die frekwensie van die tipe misdaad per koerant*

Op grond van die vergelykings hier bo kan die volgende afleidings gemaak word:

- **Die prominensie van die misdaad**
  Moord kan beskou word as 'n soort "celebrity case" (Surette 1989) omdat dit die mees bedreigende soort misdaad vir alle mense in 'n samelewing is. Dit beroof mense van dit wat almal in gemeen het – die lewe. Daarom het dit die grootste nuuswaarde. Die baba Jordan-saak wat deeglik deur al drie die koerante gerapporteer is, is 'n goeie voorbeeld van 'n "celebrity case".

- **Die teikengehoor**
  Die frekwensie waarvolgens berigte oor bepaalde misdaadtipes in die koerante verskyn, reflekteer die sosiale en ekonomiese posisie van die koerante se teikenlesers. Die feit dat gewapende roof die misdaad is waaroor in beide *Beeld* en *The Star* die tweede meeste berig word, mag onder andere dui op die joernaliste van die twee koerante se agenda om hulle teikenlesers – wat tradisioneel uit die bevoorregte blanke gemeenskappe kom en ekonomies sterker is as die gemiddelde leser van *Sowetan* – se persepsie van die werklikheid (wat natuurlik onder andere beïnvloed word deur dit wat aan hulle voorgehou word), te weerspieël. Die persepsie mag bestaan dat hierdie twee groepe groter aanklank sal vind by sodanige beriggewing omdat hulle waarskynlik die slagoffers daarvan is. Op dieselfde manier weerspieël die aantal berigte wat *Sowetan* aan die staking en die misdadige gevolge daarvan wy waarskynlik die joernaliste van dié koerant se persepsie dat hulle teikengehoor –direk en indirek – meer deur die staking geraak is as die lesers van die ander twee koerante. Dis ook moontlik dat die aantal berigte wat in *The Star* oor bedrog verskyn, ook deur persepsies van die koerant se teikengroep beïnvloed word.

- **Houding teenoor die magshebbers**
  Die feit dat korrupsie (veral korrupsie in staatsinstellings) die misdaad is waaroor *Beeld* die derde meeste berig, mag dui op 'n bepaalde kritiese houding teenoor die huidige staatsbestel. Dit mag ook die rede wees waarom *Beeld* meer prominensie aan beriggewing oor die onluste wat

gevolg het op die staking gegee het as *The Star* en waarom *Beeld* ook meer klem as *The Star* en *Sowetan* aan gewelddadige misdade gee. Die omgekeerde kan egter ook waar wees. Die misdaad en die onvermoë van die staat om dit te beheer, mag egter een van die redes wees waarom *Beeld* ’n kritiese houding jeens die staat inneem.


- **Houding teenoor geslag**
  Die relatief min berigte oor ’n algemene misdaad soos verkragting in al drie koerante weerspieël moontlik die houding van die Suid-Afrikaanse samelewing oor vroue. Diefstal en korrupsie het groter nuuswaarde as verkragting.

- **Idiosinkratiese beriggewing**
  Die prominensie wat in *Beeld* aan misdade soos verkeersoortredings en dieremishandeling gegee word, lyk na idiosinkratiese beriggewing wat waarskynlik die gevolg van huidige joernaliste by die koerant se voor- en afkeure is en wat waarskynlik gevoed word deur die reaksie van die lesers.

  Sommige van die koderingsraamwerke waarvolgens afleidings hier bo gemaak is, kon aangevul word deur ander veranderlikes wat in die loop van die inhoudsanalise ondersoek is.

## 5.4 Die ras van die misdaadslagoffers


Dit blyk duidelik uit figuur 4 hieronder dat die frekwensie waarvolgens die ras van die slagoffers in misdaadberigte genoem word, verband hou met die koerant se persepsie van sy teikengehoor. So berig *Sowetan* aansienlik meer oor misdade waarby swart mense betrokke is, terwyl *Beeld* en *The Star* weer op blanke misdaadslagoffers fokus. Dit is ook interessant om daarop te let dat *Beeld* waarskynlik taal (Afrikaans) gebruik wanneer besluite geneem word om oor misdade waarin bruin mense betrokke is, te berig. Dieselfde gebeur by *The Star* in hulle beriggewing oor Indiërs wat hoofsaaklik deel van die Engelssprekende taalgemeenskap is.




***Figuur 4****: Die ras van die slagoffer soos dit in die verskillende koerante aangetoon word*

## 5.5 Misdaadberiggewing en die area waarin die misdaad plaasgevind het.

Ten opsigte van die areas waaroor berig word, lyk dit weer eens asof die teikengroep van die koerant bepalend is wanneer besluite geneem word in misdaadverslaggewing. Die afleiding kan gemaak word dat die onderskeie koerante meer berig oor areas waarin daar 'n groter konsentrasie van hulle teiken- of belangegroep woon. *Sowetan* berig hoofsaaklik oor misdaad in townships, *The Star* se misdaadberiggewing handel hoofsaaklik oor misdade in stedelike gebiede, maar berig meer oor misdade in townships as in die platteland. *Beeld* berig ook hoofsaaklik (en meer as *The Star*) oor misdaad in stedelike omgewings, terwyl *Beeld* se beriggewing oor misdade in die platteland weer aansienlik meer is as beriggewing oor misdaad in townships.




***Figuur 5**: Voorstelling van die area in Suid-Afrika waar misdade plaasgevind het.*

## 5.6 Misdaadberiggewing en die werklikheid

Die nasionale misdaadstatistiek is in Julie 2007 vrygestel deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, net nadat die inhoudsanalise gedoen is. In die pers (Eliseev et al. 2007) is slegs die syfers van geweldsmisdaad soos wat dit voorgekom het in Gauteng en in die hele Suid-Afrika aangedui vir twee tydperke, naamlik April tot Maart 2005/2006 en 2006/2007. In 'n poging om die bevindings van die inhoudsanalise met die misdaadstatistiek te vergelyk, is bepaald onwetenskaplik te werk gegaan en is die kwantitatiewe gegewens misbruik om 'n vae aanduiding te kry in hoe 'n mate die pers die werklikheid van die misdaadsituasie in Suid-Afrika weergee.

Drie tipes geweldsmisdaad is gekies wat in die polisieverslag voorkom en ook geabstraheer is uit die koerantberigte van die drie geselekteerde koerante, naamlik moord, verkragting en motorkaping. Alle berigte wat in die drie koerante oor hierdie drie tipes misdade verskyn het, is bymekaar getel (welwetende dat sommige misdade in al drie die koerante dekking gekry het). Daarna is die toepaslike aantal misdade wat in hierdie drie misdaadkategorieë in Gauteng vir die tydperk April tot Augustus 2006/2007 voorgekom het, deur twaalf gedeel om die aantal misdade per maand te "bepaal".

Die "resultate" lyk soos volg: 54,7% van die aantal moorde is deur die koerante gedek; 3,6% van

die aantal verkragtings en 5,3% van die aantal motorkapings. Dié vae aanduiding van die mate waarin die pers die werklike misdaadsituasie in die land wanreflekteer (sou hulle anders kan?), ondersteun ook van die afleidings wat in 5.3 gemaak is:

- Moorde is "celebrity cases" en kry meer dekking.
- Die dekking van verkragtings is heelwat minder as die dekking wat aan motorkapings gegee word.

## 6. PROSES EN BEVINDINGS VAN DIE DISKOERSANALISE

### 6.1 Proses

Die sewe hoofartikels wat in die drie koerante tydens die tydperk van ondersoek verskyn het, is versamel, naamlik: "McBride" (*Beeld*, 4 Junie); "Baba Jordan" (*Beeld*, 30 Junie); "Stop this farce" (*The Star*, 1 June); "Copper cops" (*Sowetan*, 19 June); "Armless robbery" (*Sowetan*, 20 June); "No fear no favour" (*Sowetan*, 18 June) and "SAPS pull out all stops" (*Sowetan* 26 June).

Na 'n tekstuele analise van die tekste is 'n diskoersanalise gebruik om patrone te identifiseer. Herhaalde temas, frases en styltegnieke wat voorgekom het, het stem gegee aan diskursiewe strukture in die tekste. Volgens Van Dijk (1991) help so 'n benadering om "various 'underlying' meanings, opinions and ideologies" te ontdek wat deur taal versterk of verberg word. In hierdie analise het die diskursiewe strukture wat in die tekste voorgekom het algemene temas ten opsigte van die wyse waarop die drie koerante die misdaadwerklikheid in die land beskou (en weergee) ontbloot.

### 6.2 Bevindings

Die eerste diskursiewe struktuur handel oor die publiek se gevoel oor die misdaadsituasie in Suid-Afrika. Die publiek vind ("die gevoelens van duisende Suid-Afrikaners"), die misdaadsituasie onaanvaarbaar en is moeg ("crime weary") vir die aanhoudende misdaad. Hierdie diskursiewe struktuur sluit nou aan by die volgende twee.

Die tweede diskursiewe struktuur handel oor die Suid-Afrikaanse samelewing se morele bankrotskap. Dit word uitgedruk in twee temas wat onderskeidelik verband hou met misdaad as boos ("verpersoonliking van boosheid", "bad people") en die oproep tot morele herlewing, ("'n samelewing waarin geregtigheid seëvier"). Hierdie diskursiewe struktuur word ondersteun deur die waarnemings van Hall et al. (1978: 66) dat nuusberigte soos 'n drama is waarin die duiwel (misdaad) simbolies en fisies deur die "guardians – the police and judiciary" uitgewerp moet word. Die misdadigers is die duister magte wat beheer moet word om die sosiale orde in stand te hou (Barlow et al. 1995; Miller 1998).

Die derde diskursiewe struktuur wat handel oor kritiek op die magshebbers en hulle institusies ondermyn egter dié opvatting. In Suid-Afrika is daar gebrek aan goeie polisiëring. Die regbank slaag nie daarin om die sosiale orde in stand te hou nie. Daarvoor is daar sterk leierskap nodig wat oënskynlik afwesig is. Kritiek teen die regering blyk uit sterk stellings wat die regering en regeringsinstansies aanspreek om iets aan die situasie te doen: "We need an independent probe into this situation"; "Dit is sekerlik nou tyd dat Mnr Duma Nkosi, Ekurhuleni se burgemeester duidelikheid verskaf/kry oor die doen en late van sy politieke aanstelling..."; "All efforts have to be made to stop this massive criminal activity..."; "The process ... must begin promptly"; Let them bring a swift conclusion" ensovoorts.

Dit is ten opsigte van hierdie diskursiewe struktuur en laasgenoemde tema dat duidelike verskille aanwesig is in die benadering wat die drie geselekteerde koerante implisiet voorstaan. Hoewel *Sowetan* meer as dubbeld soveel hoofartikels aan misdaad afstaan as die ander twee koerante, is die aanslag

van sy kritiek op die regering minder fel en (soms) meer indirek, geklee in sarkasme ( "their decision ... should evoke a sense of public euphoria") en humor ("...how many of you would shed a tear for the luckless bomber losing two perfectly functioning limbs, leaving him unable to bomb another ATM or hug a woman?").

Waar die diskursiewe patrone in *The Star* en *Beeld* verwyte en beskuldigings bevat, is *Sowetan* se houding meer ondersteunend: "Members of the public should also play a major role..." en "The probe is welcomed...". Wat wegval hier is duidelik die "ons-hulle"-patroon wat vooropstaan in *Beeld* en *The Star* se kritiek teenoor die regering. Dit is egter ook moontlik dat kultuur en by name die houding van die verskillende groepe teenoor outoriteit hier 'n rol speel.

Twee duidelike teenoorstaande diskursiewe strukture word ontbloot. wat waarskynlik histories verduidelik kan word. Die verskille tussen "wit" en "swart" (algemeen gesien) asook die gebrek aan kohesie tussen wit en swart word so blootgelê.

## 7. INTERPRETASIE

'n Opsomming van die bevindings soos hierbo uiteengesit, kan soos volg geformuleer word:

- Die pers speel wel 'n rol om die publiek bewus te maak van misdaad.
- Die pers beeld egter nie die volle omvang van die misdaadsituasie uit nie.
- Die pers skep op grond van die verskille tussen teikengehore verskillende misdaadrealiteite.

Dit blyk duidelik dat misdaadberiggewing in die Suid-Afrikaanse pers nie volgens die strukturalistiese perspektief beoordeel kan word nie aangesien die pers juis nie homogeen van aard is nie en juis nie die stem van die politieke magshebbers is nie.[1] Daar ís egter spore van homogene beskouings wat diep ingegrawe is in die Suid-Afrikaanse kollektiewe samelewing. Ek verwys byvoorbeeld hier na die afleidings wat gemaak kan word oor die pers se representasie van verkragting en gevolglik die pers se houding teenoor vrouens.

Die belangrike verskille wat blyk uit die drie koerante se beriggewing oor misdaad, is waarskynlik eerder die gevolg van die organisatoriese en ekonomiese werklikhede van hulle onderskeie organisasies (Ericson et al. 1991). Die wyse waarop die verskillende koerante oor misdaad berig, word hoofsaaklik bepaal deur die profiel van hulle teikenlesers. Alleen die feit dat die drie publikasies duidelik drie uiteenlopende teikengehore aanspreek, ondersteun die stelling, maar dui ook op die inherente polarisasie van die samelewing tussen (veral) hulle swart- en witheid. Die koerante kan egter nie anders nie, omdat 'n koerant se lewensvatbaarheid en dus sy ekonomiese oorlewing afhang van die wyse waarop die behoeftes van sy teikengehore bevredig word. Die wyse waarop die koerante berig oor misdaad, word dus bepaal deur die werklikheid van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die feit dat 'n gemiddeld van 25% van al drie die koerante se berigte oor misdaad handel, dui egter aan hoe belangrik misdaad binne die Suid-Afrikaanse samelewing is.

Dat die misdaadberiggewing in die drie koerante, soos aangedui deur beide die inhouds- en diskoersanalise soveel verskille toon, suggereer dat die werklikheid wat deur dié beriggewing gerepresenteer word, nie die hele werklikheid verteenwoordig nie. Die gebrek aan byvoorbeeld, beriggewing oor internasionale misdaadberigte in twee van die koerante, die grootliks eensydige representasie van misdaadslagoffers se ras en die verskil tussen die waarde wat die verskillende koerante aan berigte oor korrupsie heg, dui op 'n versplinterde realiteit: 'n realiteit waarin die ontvangers van die bepaalde koerante se werklikheidsbeeld versterk en nie uitgedaag word nie.

Eenvoudig gestel, kan beweer word dat lesers van *Beeld* 'n gerepresenteerde werklikheid van die Suid-Afrikaanse misdaadsituasie ervaar as 'n hoofsaaklik "wit", stedelike probleem beperk tot Suid-Afrika, terwyl lesers van *Sowetan* die misdaadwerklikheid beleef as 'n "swart" probleem wat

hoofsaaklik in Suid-Afrikaanse townships voorkom. Om dus die "hele" werklikheid te ervaar, behoort die leser waarskynlik meer as een koerant te lees.

Die verskille tussen die inligtingsbehoeftes van "wit" en "swart" teikengroepe word algemeen gesproke bevestig deur die diskoersanalise waarin dit duidelik blyk dat die redakteurs van die koerante wat "wit" en "swart" teikenlesers het, verskil ten opsigte van die wyse waarop hulle die magshebbers kritiseer.

Wanneer die pers in 'n gediversifiseerde en toenemend gepolariseerde samelewing hulle beriggewing oor 'n belangrike saak soos misdaad aanpas om by die voorkeure en realiteite van verskillende teikengehore aan te sluit, word die verskille in die samelewing bevestig en versterk. Dan lyk dit nie of die pers hulle "civic responsibility" en "informing role" (Chew 2003:71) op 'n verantwoordelike wyse vervul nie.

Meijer (2001) verwys daarna dat die media se verantwoordelikheid as inligtingsbron en waghond uitgebrei het: "[q]uestions of civic identity ... seem to have acquired equal significance as crucial media concern". In Nederland het die Commissie Publieke Omroep saamgestem dat die taak van die media is om aan die behoeftes van al die groeperinge in 'n gemeenskap te voldoen en om die gemeenskap in sy diversiteit te representeer (Commissie Ververs 1996).

Die vraag kan dus ontstaan of die Suid-Afrikaanse pers besig is met 'n doelbewuste wanvoorstelling van die werklikheid ter wille van ekonomiese/politieke gewin? Óf weerspieël die pers net die deel(tjie) van die werklikheid wat die aandag trek?

Dalk reageer die pers bloot op die verskillende inligtingsbehoeftes van die publiek en is die publiek in staat om bewustelik patroonvorming te onderskei en dit krities te bevraagteken soos Chew (2003) beweer. Dalk tree die pers op as die spreekwoordelike waghond (Meijer 2001:189) wat die wankelende demokrasie in Suid-Afrika in stand probeer hou.

## 7. SLOTWOORD

Die verhouding tussen realiteit en representasie bly kompleks. Die verruiming van ons realiteit is juis die gevolg van die inligtingsrewolusie wat vanaf die ontstaan van die drukpers ons werklikheid bly uitbrei het. Daarom kan Gripsrud (1999) beweer dat die media ons primêre bron van "common knowledge" is: "the widely shared pool of information and perspectives from which people shape their conceptions of self, world and citizenship" (1999:2). Maar die media verskaf aan ons egter slegs 'n gedeeltelike blik op die realiteit – 'n blik wat, soos ons hierbo gesien het, gekontamineer word deur die subjektiewe prosesse waardeur die representasie tot stand kom.

Die realiteit is gevolglik nooit presies soos die representasie daarvan nie. Die realiteit is altyd groter en meer kantig as wat enige representasie daarvan ooit kan wees – "representation never 'gets' reality" (Dyer 1993:3). Hoewel ons ook inligting oor die realiteit kan bekom deur direkte waarneming, is daar ongelukkig geen ander manier om die hele realiteit te leer ken as deur representasie nie – behalwe as ons die verlede kan herroep en soos Kundera se Morawiese ouma weer in volle (?) beheer van ons werklikheid kan wees.

In die lig hiervan lyk dit belangrik dat die pers die verantwoordelikheid van hulle mandaat moet aanvaar en inligting oor die werklikheid so objektief as moontlik moet weergee. Of dit egter ekonomiese (en politieke?) sin maak, is te bevraagteken. Chew (2003) se siening dat ontvangers aktief nuusberigte interpreteer deur 'n bepaalde repertoire van vrae te aktiveer waarvolgens hulle die essensie van die nuusberig kan evalueer en verstaan, ten spyte van leemtes in die representasie, is 'n skrale troos waaroor daar, soos sy self aandui, nog baie navorsing gedoen moet word.

Tot groter klarigheid hieroor verkry is, lyk dit asof die voorstel "[T]o use media against media" (Taylor & Saarinen) waarskynlik die enigste uitweg is.

## VOETNOOT

[1] Hierdie verwysing sluit natuurlik die openbare televisieuitsaaier uit.

## BIBLIOGRAFIE

Kanouse, E.D., Kallich, D.J. & Kahan, P.J. 1995. Dissemination of effectiveness and outcomes research: health science program. *Health policy*, 34:167-192.

Barlow, M.H., Barlow, D.E. & Chiros, T.G. 1995. Economic conditions and ideologies of crime in the media: a content analysis of crime news. *Crime & delinquency*, 4(1):3-19.

Beckett, K. 1994. Setting the public agenda: street crime and drug use in American politics. *Social problems*, 41:425-47.

Chew, F. 2003. Information needs and the news environment. In Dervin, B. & Chaffee, S.H. with Foreman-Wernet, L. *Communication: a different kind of horse race*. New York: Hampton Press.

Commissie Ververs. 1996. *Terug naar het publiek. Rapport van de Commissie Publieke Omroep*. Hilversum: Bureau Beeldvorming NOS.

Dixon, T. L. & Azocar, C. L. 2007. Priming crime on activating blackness: understanding the psychological impact of the overrepresentation of blacks as lawbreakers on television news. *Journal of communication*, 57(2):229-242.

Domke, D., McCoy, K. & Torres, M. 1999. *Communication research*, 26(5):570-607.

Dyer, R. 1993. *The matter of images: essays on representation*. London: Routledge.

Eliseev, A., Rondganger, L. & Serrao, A. Faces behind the crime stats. *The Star*, 4 July:1.

Ericson, R.V., Baranek, P.M. & Chan, J.B.L. 1991. *Representing order: crime, law and justice in the news media*. Toronto: University of Toronto Press.

Fishmann, G. & Weimann, G. 1997. Motives to commit suicide: statistical versus mass-mediated reality. *Archives of suicide research*, 3:199-212.

Gripsrud, J. (red.). 1999. *Television and common knowledge*. London & New York: Routledge.

Hachten, W.A. 1981. *The world news prism: changing media, clashing ideologies.* Iowa State University Press.

Hall, S.C., Critcher, T.J. & Robert, B. 1978. *Policing the crisis*. London: Macmillan.

Jensen, K.B. 1991. Humanistic scholarship as qualitative science: contributions to mass communication research. In Jensen, K.B. & N.W. Janowski (reds). *A handbook of qualitative methodologies for mass communication research*. New York: Routledge.

Kappeler, V.E., Blumberg, M. & Potter, G.W. 1996. *The mythology of crime and criminal justice*. Prospect Heights, IL:Waveland.

Kundera, M. 2001. *Immortality*. London: Faber & Faber.

Lester, J. & Koehler, W.C. 2003. *Fundamentals of information studies: understanding information and its environment*. New York: Neal Schuman.

Lippman, W. 1922. *Public opinion*. New York: Macmillan

McBride. S. 1984. *Many voices, one world: communication society, today and tomorrow: the Mc Bride report*. Paris: Unesco.

Meijer, I. C. 2001. The public quality of popular journalism; developing a normative framework. *Journalism studies*, 2(2):189-205.

Miller, M.C. 1998. *It's a crime: the economic impact of the local TV news in Baltimore.* (Technical report). New York: New York University project on media ownership.

O'Shaughnessy, M. & Stadler, J. 2002. *Media and society: an introduction*. New York: Oxford University Press

Padin, J.A. 2005. The normative Mulattoes: the press, Latinos and the racial climate on the moving immigration frontier. *Sociological perspectives*, 48(1):49-61.

Ramasubramanian, S. & Oliver, M.B. 2007. Activating and suppressing hostile and benevolent racism: evidence for comparative media stereotyping. *Media psychology*, 9(3):623-646.

Sacco, V.F. 1995. Media construction of crime. *The annals of the American academy of political and social science*. 539:141-154.

Surette, R. 1989. Media trials. *Journal of criminal justice*, 17:293-308.
Taylor, M.C. & Saarinen, E. 1994. *Imagologies. Media philosophies*. New York & London: Routledge.
Van Dijk, T.A. 1991. Media contents: the interdisciplinary study of news as a discourse. In Jensen, K.B. & N.W. Janowski (reds.). *A handbook of qualitative methodologies for mass communication research*. New York: Routledge.